

## Nuwe erns oor kernkrag

MARELIZE BARNARD

24/07/2009 10:40:27 PM - (SA)

Die verantwoordelikheid om elektrisiteitsvoorsiening te verseker, was voorheen die domein van Eskom, maar is nou "stewig" onder die beheer van die ministerie van energie geplaas.

Só het die nuwe minister van energie, me. Dipuo Peters, onlangs in haar begrotingstoespraak in die Nasionale Vergadering gesê. Dit was tot dusver Eskom se verantwoordelikheid om te besluit watter tipe kragentrales gebruik sou word, maar om die nasionale regering se beheer hieroor te verseker, wil die energiedepartement nuwe regulasies promulgeer om die bou van nuwe kragentrales te bespoedig. Oor die gebruik van kernkrag het Peters die versekering gegee dat daar voortdurend gewerk word om veiliger maniere te vind om kernkrag te gebruik en kernafval te berg. Vanjaar gaan 'n nasionale instituut saamgestel word om te verseker die bestuur van radioaktiewe afval voldoen aan internasionale standaarde wat die veiligheid van mense, eiendom en die omgewing sal verseker. 'n Nuwe kernkragbeleid gaan ontwikkel word as een van die oplossings om die vrylating van kweekhuisgasse te beperk.

Die Nasionale Kernreguleerder (NKR) is ook besig om tegniese vereistes vir die nuwe kernkragentrales op te stel. Mnr. Gino Moonsamy, woordvoerder van die NKR, het gister gesê die NKR sal die aansoeke vir die onderskeie kragentrale-persele, die konstruksie van die kernkragentrales, die operasionele vereistes vir dié sentrales, asook die sluiting van die kragentrales ingevolge die Wet op die Nasionale Kernreguleerder hersien en goed- of afkeur. Dié besluite word gegrond op die veiligheidsbestuursplan, asook die beplanning en infrastruktuur wat verband hou met kernkragveiligheid. Die NKR se betrokkenheid word deur wetgewing bepaal en gee aan die reguleerder die mag om 'n lisensie goed te keur en die nakoming van lisensievoorwaardes te verseker.

In 'n verslag deur Arcus Gibb-konsultante, wat betrokke is by 'n omgewingsimpakstudie, is die hernude ywer vir die regering se kernkragprogram uitgestippel in 'n tydraamwerk vir die drie kernkragentrales, Nuclear 1 (by Duynfontein reg langs Koeberg), Nuclear 2 (by Bantamsklip suidoos van Pearly Beach) en Nuclear 3 (by Thyspunt naby Kaap St. Francis in die Oos-Kaap). Die verwagting is dat daar in Januarie 2011 met voorbereidingswerk by Duynfontein, in Januarie 2013 by Bantamsklip en in 2015 by Thyspunt begin sal word. In Arcus Gibb se hersiene plan vir die omgewingsimpakstudie word genoem dat die plan hersien is nadat die voorneme om slegs een kernkragentrale te bou, heroorweeg is en die nuwe plan nou is om 'n reeks kernkragentrales te bou. 'n Projekspan het reeds die persele vir die kernsentrales besoek en prioriteitsvereistes wat reeds uitgelig is, sluit in geologiese en geotegniese aanvaarbaarheid van die sentrales op elk van die persele, die diepte van die watertafel en gevolge vir waterverbruikers in die bepaalde gebiede, die vlak van die versteuring van ekologiese prosesse, die impak op die mariene lewe weens die vereistes vir verkoelingswater, visuele steurnisse, verlies aan erfenis- en kulturele bronne asook die hantering van die afval.

### 'NET DIE REGERING GLO DIE LAND KAN DAARBY BAAT'

"Daar is baie gewone mense wat teen kernkrag gekant is, ongeag wat jy doen om kernkrag-ingenieurswese te verbeter. "Daar is ook gesondheids- en veiligheidsprobleme. Die grootste probleem vir Suid-Afrika is dat ons dit nie kan bekostig nie."

Volgens mnr. Mike Kantey van die Koalisie teen Kernkragenergie (Cane) is kernkrag – teen 'n koste van nie minder nie as R120 miljard per kragtasie-eenheid – te duur vir Suid-Afrika. "Dit gaan oor prestige en 'n soort olifant-sindroom waarvolgens gedink word groter is beter. Sentrale regerings dink nog oplossings lê daarin om 'n groot klomp geld op 'n reuse-projek uit te gee." Kantey het gesê om so "groot" te redeneer, dateer van die vorige eeu. Hy beklemtoon dit gaan nie meer oor een grootte wat vir alles sal werk nie. Kleiner oplossings, soos sonkragpanele, windkrag en kleiner projekte, kan beter inskakel by die spesifieke behoeftes van gemeenskappe. "Die mynbedryf is besig om te vou. Die laaste mense wat nog geld moet kry, is diegene wat kernkrag wil gebruik," het Kantey gesê. Hy meen dit is slegs die sentrale regering wat glo die land kan daarby baat.

Kantey gaan Donderdag dié mening verder voer by die Energiekousk wat in Kaapstad gehou word. Mnr. Tristen Taylor, energiebeleidsbeampte van Earthlife Africa, meen ook dit het baie te doen met trots en die internasionale beeld wat gekoppel word aan 'n land se vermoë om onder meer kernkragentrales te bou. "Dit is nié veilig of bekostigbaar nie. Die planne moet geskrap word," het Taylor gesê.

### ELDERS IN DIE WêRELD

- Sowat 30 lande gebruik sowat 436 kommersiële kernkragentrales vir die opwekking van elektrisiteit.
  - Kernkrag voorsien in 15% van die elektrisiteitsverbruik wêreldwyd.
  - Die eerste kernkragentrale is in die 1950's in gebruik geneem.
  - Die konstruksie van 30 nuwe kernkragentrales wêreldwyd vind tans plaas en meer as 90 nuwe stasies word beplan.
  - In Frankryk word driekwart van die elektrisiteit wat verbruik word met kernkrag opgewek.
  - Ander lande wat sowat 'n derde van hul elektrisiteit van kernkrag kry, is België, Hongarye, Litaue, Slowakye, Suid-Korea, Swede, Switserland, Slowenië en die Oekraïne.
- ) Bron: World Nuclear Association – [www.world-nuclear.org](http://www.world-nuclear.org)

### KOEBERG SE KAPASITEIT

- Die Koeberg-kernkragentrale verskaf deur twee kernreaktors 5% van Suid-Afrika se elektrisiteit.
- Water van die Atlantiese Oseaan word teen 80 ton per sekonde deur 'n geslote baan gepomp om die reaktors af te koel.
  - Die laegraadse kernafval word in staal- en betonhouers 600 km ver na Vaalputs in die Kalahari vervoer.
  - Hoëgraadse kernafval word op die Koeberg-perseel geberg.
  - Die konstruksie van Koeberg het in 1976 begin en Eenheid 1 is op 4 April 1984 ingeskakel by die nasionale elektrisiteitsnetwerk. Eenheid 2 is op 25 Julie 1985 by die netwerk ingeskakel.
  - Altesaam 1 800 MW elektrisiteit word deur die twee reaktors opgewek.
- ) Bronne: Wikipedia en World Nuclear Association.

'Dis selfmoord vir toerisme . . .'

Die impak op die omgewing van die drie beoogde kernkragentrales sluit nie net die konstruksie van die aanlegte in nie, maar ook die hoogspanningskraglyne wat nodig is. By Bantamsklip word daar met twee omgewingsimpakstudies in ag geneem dat 'n hele netwerk van hoogspanningslyne aangebring moet word. Die organisasie Save Bantamsklip beskou die beoogde kernkragentrale naby Pearly Beach as niks minder nie as "kulturele en ekonomiese selfmoord vir diegene wat 'n volhoubare toekoms in toerisme in die streek beplan". Volgens mnr. John Williams, voorsitter van Save Bantamsklip, gaan vier torings van tot 70 m hoog elke 400 m opgerig word wat by plekke soos Baardskeerderbos die natuurskoon kan versteur.